nommer 11 uitlees?

MNR. DU TOIT: Ons kan dit BEWYSSTUK 29 maak.

MNR. WEPENER: Dankie. Sal u net daardie inskrywing lees, 17/06/92? -- Ja.

Die tyd was? -- 22:54.

En die adres? -- Was 150 Generaal Hertzogweg, Dicketsonville (?).

En die luitenant se naam? -- Dit was myself gewees en luitenant Crause.

Wat beteken hierdie inskrywing, mnr. Kruger? -- Dit is ons alarms was ons doen.

Ja, watse inskrywing is dit hierdie, waar word hy gemaak. -- Hy word daar by ons gemaak.

Waar by u? -- Ja, so gou soos ons daardie alarm, soos ons hom gekry het en ons was by hom gewees en hy is negatief.

Ja. -- Of hy is positief.

Laat ek u net vra, wie maak hierdie inskrywing? -- Dit is die outjie wat in die beheerkamer werk.

En dan kontak hy u, neem ek aan, met die radio en sê gaan na daardie adres? -- Dit is reg.

So u moes by Baldwin's weggegaan het na 22:54? -- Dit is reg.

Want dit is wanneer u die oproep kry en dan ry u? -- Dit is reg.

So u het by Baldwin's aangekom sal ons sê net voort voor daardie tyd? -- Dit is reg.

MR KUNY: Excuse me, perhaps the witness should give the evidence and not my learned friend. I understand that this is not a trial but I do not think he should in fact give

the /..

the evidence from where he is sitting.

MNR. SITHOLE: Ja, mnr. Wepener, u het leidende vrae gevra.

MNR. ROSSOUW: Ekskuus, mnr. Wepener, ek het simpatie met jou want ons het nie tyd nie en ek sou nie graag wil hê dat u die (tussenbeide)

MNR. WEPENER: Ek sal dit korter vat, dit is nie my getuie nie. Kan ek (tussenbeide)

MNR. ROSSOUW: Wanneer ons kom by - u weet wat die geskilpunte is hier - wanneer ons daarby kom kan u miskien minder leidend vra en laat die getuie maar vir ons verduidelik.

MNR. WEPENER: Ek aanvaar dit maar met alle respek is ek besig met kruisondervraging van die getuie, maar ek sal dit andersom stel. Wanneer u 'n berig oor die radio kry of daardie aand toe u die berig kry, wat het u gedoen? -- Ek het dadelik daarop gereageer en vir die wagte gesê hulle moet daar uitklim en daar wag.

Goed, so as u na daardie omskrywing kyk wat sou u sê was die tyd gewees wat u by Baldwin's aangekom het? -- Dit was omtrent 22..hoe kan ek nou sê 22:50 wat ek daar by Baldwin's aangekom het.

So 'n paar minute voor hierdie inskrywing? -- So 'n paar minute voor daardie, seker omtrent 'n minuut voor dit. Ek het omtrent 'n minuut gestaan.

Dankie, mnr. die Voorsitter.

ONDERVRAGING DEUR MNR. VISSER: Dankie, mnr. die Voorsitter. Net duidelikheidshalwe, soos ek verstaan het u daar aangekom ons weet nou so 'n paar minute voor hierdie alarm. -- Dit is reg.

Wat omtrent 22:54 was. Die tyd, 22:54, waaroor u hier getuig het, is dit die tyd wat u die boodskap van

radiobeheer/..

radiobeheer ontvang het of is dit wanneer u in Generaal Hertzoglaan aankom? -- Dit is die tyd, die tyd wat hierso is, is die tyd wat die beheerkamer hom ontvang wat daar neergeskryf is.

Dit is die tyd wat die alarm in die beheerkamer kennis gee dat hy afgesit is? -- Dit is reg.

Dit is 22:54. -- Dit is hy, dan saai hy dit uit na my toe.

Dit is nou wat dieselfde tyd gebeur het? -- Ja.

En u is toe daar weg? -- Ja, dit is reg.

En u het nie weer teruggekom nie? -- Ek het nie weer teruggekom nie.

Ek stel belang om uit te vind presies wanneer die skote begin het en vir hoe lank u dit gehoor het en of hulle opgehou het terwyl u op die toneel was. Verstaan u? -- Ja, kyk hulle (tussenbeide)

Nou kom ons haak dit aan u getuienis so goed ons kan. U daag daar op en u stop by die garage. -- Dit is reg.

U sien twee weermagvoertuie beweeg in 'n oostelike rigting na Cape Gate toe, is dit reg? -- Dit is reg.

En hulle kom terug en hulle stop in die kruising waar die verkeerslig is by Noble en Frikkie Meyer Boulevard? -- Dit is reg.

Is daardie tyd het u skote gehoor? -- Dit is reg.

Op watter tydstip?

MNR. ROSSOUW: Met betrekking tot die..

MNR. VISSER: Tot die gebeure.

MNR. ROSSOUW: Tot die reis van hierdie voertuie.

MNR. VISSER: Of kan u nie sê nie? -- Wel, ek sal nie definitief kan sê daar nie.

MNR. ROSSOUW: /..

MNR. ROSSOUW: Sou u sê dit was voordat die voertuie daar by Cape Gate gedraai het dat u die skietery gehoor het? -- Daardie skietery was net nadat hulle by Cape Gate gedraai het dat hulle terugbeweeg het, toe was die skietery.

Maar toe was u reeds op die toneel, u kar reeds gestop en u het reeds uitgeklim? -- Ja.

Waar is hierdie groep mense nou toe u die skote hoor? Uit u gesigsveld uit of is hulle nog steeds daar op die veld daar voor u? -- Hulle is nog steeds op die veld maar hulle het uitbeweeg; hulle het begin uitbeweeg.

As u sê hulle het begin uitbeweeg, beweeg hulle nou tussen Boipatong en Frikkie Meyer Boulevard? -- Dit is reg, hulle het heeltemal uitgekom.

Ek wonder of u net vir die voorsitter en die komitee sal verduidelik hoekom u sê dat daar vanuit Boipatong uit geskiet is? Hoekom sê u dit? Onthou u u het dit gesê? -- Ja, ek het dit gesê.

Wat is die rede hoekom u daardie getuienis gelewer het? -- Wel, dit het maar vir my gegaan asof hulle daarvan af uit skiet, ek kan nie sê hulle het definitief daarvan af geskiet nie maar dit het vir my gegaan of hulle daarvan af uitskiet.

Wat ek nou eintlik probeer agterkom is het u dit, is dit 'n afleiding wat u gemaak het van 'n klank wat u gehoor het of van die postuur van mense wat u gesien het; waarvan het u die afleiding gemaak? -- Ek het die afleiding gemaak van die polisieman wat in die sedanmotor was, wat dadelik vir my gesê het toe hulle begin skiet daarso, toe sê hy vir my ons moet uitbeweeg.

O, ek sien. So dit was nie 'n wetenskaplike afleiding

nie/..

nie? -- Nee, dit was nie ɦ wetenskaplike afleiding nie.

Van koeëls wat op ɦ sekere manier klink of iets van dié aard nie? -- Nee.

Goed, nou kyk u na die mense in hierdie veld en soos ek u getuienis verstaan is dit donker, daar is beligting maar u sien eintlik silhoeët? -- Dit is reg.

En toe het u ɦ ander ding gesê wat ons interesseer en dit is u het gesê: mens kon beter sien of woorde tot dié effek, as jy op jou hurke gaan sit het? -- Dit is reg, dat jy die ligte vang aan die agterkant, dan kan jy beter sien as die mense beweeg.

Beteken dit dat as jy sou gestaan het dan was die wyse van beligting sodanig dat dit jou eintlik gepla het in jou oë, jy moes.. -- Ja, jy moes..

..ɦ bietjie sit? -- Dit is reg.

Met ander woorde was daar ligte wat eintlik in jou oë geskyn het? -- Nie helder ligte nie, maar die ligte wat in die agtergrond was, daardie huise se ligte en so aan.

En die Apolloligte? -- Ja.

Die Apolloligte - weet u waarvan ons praat as ons praat van Apolloligte? Dit is daardie op die hoë maste met die klomp ligte om wat oranje skyn; u ken hulle? -- Dit is reg.

Het hulle daardie area belig of het hulle nie so ver belig nie? -- Nee, hulle het nie so ver belig nie. Dit was donker, hulle het glad nie gebrand daardie aand nie.

MNR. ROSSOUW: Mnr. Kruger, laat ek ook net hier inkom. As ɦ mens nou regop staan en jy het daar oor die straat gekyk waar u sê dat die mense beweeg het, was dit moeilik om in ɦ staande posisie mense te sien omdat jy teen die

vaal /..

vaal agtergrond vasgekyk het? -- Ek sal sê heeltemal reg.

As jy dan op jou hurke sit sal jy meer teen die lug kyk? -- Teen die lug kyk, dit is heeltemal reg.

Dat jy dan die silhoeët beter kan sien? -- Dit is reg.

MNR. VISSER: En natuurlik is daar ander faktore wat ʼn mens se sig beïnvloed. Kom ek vra vir u, was daar rook in die omgewing gewees? -- Nee, daar was nie rook nie.

Was daar wind gewees? -- Nee, daar was ook nie wind nie, dit was doodstil gewees.

Doodstil maar geen rook nie? -- Nee.

In die middel van die winter in Boipatong? -- Daar was glad nie rook gewees nie.

My geleerde vriend, mnr. Kuny, het u ʼn vraag gevra en ek dink u moet net ʼn geleentheid kry om dit reg te stel. In u antwoord aan hom, hy het vir u gevra wat doen u nou as u die alarm gaan opsoek, toe sê u as dit negatief is dan radio u dit deur. Dit gee die indruk dat as dit positief is volg u ʼn ander prosedure. -- Dit is reg, ons volg ʼn ander prosedure

Kan u net dit voltooi dan, wat doen u as dit positief is? -- As dit positief is dan kry ons die beheerkamer dadelik in en ons sê vir hulle dat hulle dadelik die polisie vir ons uitstuur. Dan kontak hulle die polisie en die polisie kom uit na daardie adres toe wat ons gee.

En as die polisie reeds daar is dan neem mens aan sal u dit vir die beheerkamer sê: moenie bekommerd wees oor die polisie nie, hulle is klaar hier? -- Dit is reg.

Wat is die boodskap, het u ʼn boodskap deurgestuur na u beheerkamer die aand hier in die omgewing van 23:00 toe u daarso aangeland het? -- Nee, ek net, ek het, ja. Ek

het /..

het net vir hulle gesê ons is hierso en ons sal nou, kyk hy moet kaptein Van der Berg vir my op die radio kry dat ek kan hoor of ek die wagte moet wegvat.

Is dit die tipe van kommunikasie wat in julle voorvalleboek sal verskyn? -- Dit is wat in die voorvalleboek verskyn.

Ja, u moet my verskoon, ek het nie ʼn afskrif van u voorvalleboek hierso nie so ek moet u maar vra. Is daar ʼn verwysing daarna - ek het nie nou tyd om daarna te kyk nie, sê net vir my is daar ʼn verwysing na daardie boodskap? -- Ja, ons het ʼn VB-nommer hierso, nr.11.

Is dit die een wat u gelees het? -- Dit is die een wat ons gelees het, ja.

En is dit die een wat sê u moet Generaal Hertzog toe gaan? -- Dit is reg.

So daar is geen verwysing na enige kommunikasie van u kant af na die radiobeheerkamer toe nie? -- Al wat hier is, as hy negatief is word hy agter negatief geskryf en as hy negatief is word hy dadelik na die alarm, die een wat die alarm uitgesaai het, met ʼn VB-nommer na hom toe terug getelefoneer en gesê dit is negatief.

Nou as ek net kan terug..dit gaan nog steeds oor dieselfde ding. Die weermagvoertuie draai nou om daar by Cape Gate en in ʼn stadium hoor u nou hierdie skote. Die mense is nog steeds daar op die veld voor u besig om te dans en tekere te gaan. -- Dit is reg.

En fluitjies te blaas. Nou kom die weermagvoertuie terug en die polisie sê vir u in tussentyd u moet u liewer uit die voete uit maak. -- Ja, daardie polisieman want toe ek omdraai toe draai hy ook om en hy ry ook.

Goed, skatting gou-gou van hoe ver is Baldwin Steel

van/..

vanwaar u nou wegbeweeg het van daardie hoek af tot waar u gestop het? Sommer so rofweg 'n afstand? -- Wel, seker omtrent 50 treë.

50 treë. -- 50/60 treë.

So u kon nog steeds skote daarvan af hoor, as daar skote sou wees? -- Ja.

Was daar nog skote toe u daar stop? -- Nee, daar was nie, toe was dit stil gewees.

Toe u die skote hoor. Is u absoluut oortuig van die getuienis wat u nou gelewer het? -- Ek is definitief seker daarvan.

Wat u daar waargeneem het, hoe lank sou u by skatting sê het daardie skote geduur wat u uit Boipatong uit gehoor het? - Ag, dit was seker nie 'n minuut gewees nie.

Nou toe sien u mense beweeg - ekskuustog, die "toe" waarvan ek praat is u staan nou by Baldwins. -- Ja.

U het omgedraai en u kyk daar in Frikkie Meyer af. -- Dit is reg.

In 'n suidelike rigting en u sien nou mense beweeg oor die pad. -- Dit is reg.

Nou wil ek vir u vra, watter mense was dit? -- Wel, ek weet ook nie watter mense was dit nie maar daar was 'n hoeveelheid mense wat oor die pad beweeg het.

U het in u getuienis, dink ek, 'n afleiding gemaak dat dit dieselfde mense was wat op die veld daar was. -- So het ek afgelei. Dit moet dieselfde mense wees.

Is dit ook moontlik dat dit 'n ander groep kon gewees het? -- Wel...

Wat u aanbetref? -- Dit kon ook.

Natuurlik.

MNR. ROSSOUW: /..

MNR. ROSSOUW: Hoe groot dink u is die moontlikheid dat dit 'n ander groep mense kon gewees het? -- Wel, ek is.. (tussenbeide)

MNR. VISSER: Vra u vir my, mnr. die Voorsitter?

MNR. ROSSOUW: Nee, ek vra vir die getuie. -- Wel, ek is seker dit was nie 'n ander groep mense nie, dit is daardie mense wat daar oorbeweeg het.

MNR. VISSER: Laat ek u dan hierdie vraag vra: uit u observasies van die groep wat u gesien het in die veld voor Unipark Motors, wat was die naaste punt wat u daardie mense aan Boipatong gesien het in enige stadium? Soos ek u verstaan het, ek wil u nie verwar nie, op die foto het u gewys dat u het hulle gesien hierso naby Frikkie Meyer Boulevard, daar het hulle gedans. Ek vra vir u vir 'n skatting. Hoever was die naaste mense van dié mense wat u gesien het, aan Boipatong se mense? -- Dit kan ek ook nie sê nie want ek was heeltemal aan die duskant. Ek kan nie sê hoe ver was hulle nie.

Goed. Mnr. die Voorsitter, ek glo dit is al wat ek wou gevra het, laat ek net my prokureur vra. Ja, ek weet nie of u uit hoofde van u werk sal weet nie; moontlik dan nie as gevolg van u werk nie maar miskien uit hoofde van wat u as 'n persoon - woon u in hierdie area? -- Ja.

Wat dan van die nuus weet in hierdie area. Weet u van voorvalle van geweld in die omgewing van Boipatong voor die aand van die 17de? -- Nee.

U weet nie. Dankie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. DU TOIT: U het gesê op 'n vraag, ek weet nie of u dit sydelings genoem het nie maar toe mnr. Visser u ondervra het - die Apolloligte wat in Boipatong

was /..

was. Toe u daar gestaan het by die petrolstasie. -- Ja.

En u die groep mense gesien het, was daardie ligte aan of was hulle af? -- Nee, daar het geen ligte gebrand, daardie ligte nie.

Is u seker daar het geen ligte in die hele Boipatong gebrand nie? -- Niks, dit was donker gewees.

Toe u daar aangekom het, wanneer het u opgelet dat daar geen ligte was nie? -- Wel, die hele tyd het ek opgelet.

Watter ligte het u gesien? -- Wel, dit was ligte wat in die agtergrond laag langs gewees het.

Watse ligte is dit? -- Nee, ek weet nie watse ligte was dit gewees nie.

Wat bedoel u by die "agtergrond laag"? -- Wel, as jy so kyk in die agtergrond is daar iets gewees, ligte.

Watse iets was dit gewees? -- Nee, ek weet nie watse ligte was dit nie.

U weet hoe lyk hierdie Apolloligte? -- Ja, ek weet van hulle.

Was u al voorheen wat u gesien het in Boipatong in die nag, dat u gesien het dat daardie ligte brand? -- Ja, ek het dit al voorheen gesien daarso.

Hoeveel keer voorheen? -- Ag, baie want Blue Amore besoek ons baie.

En toe u nou die aand daar ingekom het en u stop daar by die petrolstasie het u dadelik opgemerk dat al daardie Apolloligte af was of het u dit eers later opgemerk? -- Nee, ek het dit eers later opgemerk daar.

Wanneer het u dit opgemerk? -- Na ek vertrek het daarso.

Hoe /..

Hoe het dit gekom dat u gesien het dat die ligte af was? -- Omdat dit vir my gelyk het - hoekom is dit so donker daarso, toe kom ek agter die ligte is af.

Hoeveel Apolloligte is in Boipatong, weet u? -- Nee, ek weet nie.

Die ligte by Frikkie Meyer Boulevard, so 'n tipe oranje lig, hulle was aan gewees? -- Ja, hulle was aan gewees.

En die ligte daar by Cape Gate se omgewing, was hulle aan gewees? -- Hulle het daarlangs gebrand, ja.

En die ligte wat u in die agtergrond gesien het, is dit aan u linkerkant soos u - in ander woorde na Cape Gate se rigting toe? -- Dit is reg.

Watse ligte was dit, was dit by daardie omgewing gewees of was dit ligte wat meer na die swart woongebied se kant toe gegaan het? -- Dit was meer wat na die swart woongebied se kant toe gegaan het.

Nou watse ligte sou dit gewees het? -- Nee, ek weet nie watse ligte is dit nie.

Waar was die ligte gewees? Was dit in die pad of in die swart woongebied? -- Dit was in die woongebied in agterlangs.

Ja, maar die enigste ligte wat in die woongebied agter is, is steeds Apolloligte. Daar is geen ander ligte behalwe Apolloligte in daardie swart woongebied wat hoog sit nie. -- Ja, maar daardie ligte was nie baie hoog nie. Ek sal sê hulle was omtrent dakligte van 'n huis.

Kon dit dalk 'n huis se ligte gewees het? -- Dit kon miskien 'n huis se lig gewees het.

Want as 'n mens kyk na BEWYSSTUK 4, dit is die sketsplan hierso, is dit 6, is daar 6 Apolloligte wat gemerk

word /..

word. Die Apolloligte word in groen gemerk, sien u hulle? -- Ja.

Volgens die getuienis het Boipatong 6 ligte, 6 groot Apolloligte.

MNR. ROSSOUW: Is dit wat u van Boipatong weet of..?

MNR. DU TOIT: Of weet u nie? -- Nee, ek weet nie.

Het u al van daardie ligte, soos u reeds getuig het u het al van daardie ligte aan gesien? -- Ek het hulle wel aan gesien daarso.

U sê die oomblik toe u vertrek het, het u agtergekom dat die ligte af is? -- Ja, dat alles donker was daar.

Hoe het dit spesifiek tot u kennis gekom. Hoe is dit dat u dit nie vroeër opgelet het nie? -- Ek weet nie hoekom nie maar ek het.

Ekskuus? -- Dit sal ek nie kan antwoord nie, ek weet nie. Ek het maar net agtergekom dit brand net.

Was u al in die kar of het u al buite gestaan? -- Dit is toe ek bo by Baldwin's Steel al was.

Ekskuus? -- Toe ek by Baldwin's Steel al was.

Maar waar het u dit dan agtergekom? U het eers aanvanklik gesê toe u by die petrolstasie was - was dit toe u by die petrolstasie was of by Baldwin's was? -- Toe ek by Baldwin's, na ek omgedraai het dat ek teruggery het Baldwin's toe, toe het ek dit agtergekom.

..waar was u presies? -- Dit is heeltemal reg, ek was al in die trok en omgedraai na Baldwin's toe.

U het reeds in die kar gery? -- Ja.

Toe kom u agter die ligte is nie aan nie? -- Ja.

Maar hoe kon u, u is mos nou besig om weg te ry van die swart woonbuurt af? -- Nee, ek het nou net gesê dit is

toe ek omgedraai het, wat ek omgedraai het het ek dit agtergekom daar by Baldwin's.

Nou het u spesifiek - wat het u gedoen toe u nou tot hierdie besef gekom het? -- Nee, ek het niks gedoen nie.

Hoe het u dit..(gelyk)

MNR. ROSSOUW: Hoe het u tot hierdie besef gekom?

MNR. DU TOIT: Hoe het u tot hierdie besef gekom? -- Nee, ek weet nie hoe het ek..

Het u net gesien dit is skielik donker voor u of hoe? Hoe het u tot die besef gekom dat die ligte af was?

MNR. ROSSOUW: Ek dink die advokaat vra vir u iets soortgelyk aan die volgende: Het u by uself gedink maar daar is iets verkeerd en toe dag u dit is die ligte wat af is. Of het u gekyk en gesien: maar werklik, die ligte brand nie of hoe het u gekom tot die besef dat die ligte nie aan was nie? -- Nee, ek het (tussenbeide)

U sê nou, u gebruik die woord "agtergekom", u het agtergekom. Ons wil weet by watter metode het u nou tot die gevolgtrekking gekom dat die ligte nie brand nie? -- Daar was vir my iets snaaks wat nie reg was daarso nie, wat die ligte aanbetref maar ek het nie notisie daarvan geneem nie..

MNR. DU TOIT: Maar wat was dit? -- Nadat ek by Baldwin's gekom het en gesien het toe besef ek ook dat daardie ligte brand nie, hulle is dood.

MNR. ROSSOUW: Is dit so dat van Baldwin's af kan u nie vir Boipatong sien nie? As jy reg langs Baldwin's staan want jy staan mos nou langs Frikkie Meyerweg? -- Dit is reg.

En as u langs die gebou staan dan versper die geboue die sig wat u moontlik kon hê op Boipatong? -- Dit is reg, maar jy kan nog die ligte daarvandaan af sien brand altyd.

MNR. DU TOIT: /..

MNR. DU TOIT: So u het nie gekyk na die ligte en gesien: Jis, hierdie ligte is nie aan nie, u het maar net - ek wil maar net probeer agterkom wat het u laat besef die ligte is af. Het u gekyk in die omgewing van die swart woonbuurt en gesien maar hier is nie 'n lig aan nie of hoe het dit gekom, tot u besef gekom dat daar nie ligte aan was nie? -- Ja, dit was vir my snaaks gewees toe ons daar by die petrolpompe gestaan het dat dit so donker is daarso, maar ek kon nie agterkom wat het aangegaan nie.

En toe ry u nou weg? -- Toe ry ek weg daar. En toe ek by Baldwin's Steel omdraai toe besef ek, toe kom ek agter daardie ligte brand nie daar nie.

Maar hoe het u tot daardie besef, wat het u laat maak dat u nou sien daardie ligte brand nie? -- Nee, ek weet nie, dit het net by my opgekom. Ek weet nie.

Het u gekyk in die omgewing toe? -- Ja.

En wat sien u toe? -- Ek het net gesien dit is donker dié kant.

U het nie die ligte sien brand nie? -- Niks.

En toe maak u die afleiding dit is donker? -- Ja.

Dankie, mnr. die Voorsitter.

MNR. KUNY: Mnr. die Voorsitter, kan ek net 'n paar vrae aan die getuie stel as gevolg van die dokument en ook as gevolg van die laaste paar vrae wat deur my geleerde vriend gestel is?

MNR. ROSSOUW: Ja.

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. KUNY: Mnr. Kruger, hierdie dokument wat ingehandig was bewys dat om 22:54 'n radioboodskap gekry is van die radiobeheerkamer. -- Dit is reg.

Nou u kan nie sê hoe lank hulle sal vat om die

boodskap/..

boodskap aan u te stuur of te gee nie? -- Kyk, dit word dadelik na my toe deurgesein met die radio.

Dit kan ŉ paar minute wees? -- Dit kan ook ŉ paar minute wees, ja.

So u sal toegee dat dit na 22:50 moes gewees het dat u eers daardie boodskap gekry het? -- Ja, om reg te wees ek sou hom omtrent so ŉ minuut voor 24:00 sou ek hom..

Voor 23:00? -- Voor 23:00 sou ek hom gekry het.

Ja, goed. Net een verdere punt, ek moet dit aan u stel dat van Baldwin's af kan u Boipatong glad nie sien nie. Die geboue..(tussenbeide)-- Nee, die geboue kan ek nie sien nie.

Die versper dit heeltemal. -- Ja, die geboue kan jy nie sien nie.

En jy kan ook nie van daardie punt sê of die ligte aan was of nie? -- Ek dink jy kan die ligte sien daarvan af.

Goed dankie.

MNR. SITHOLE: Mnr. Kruger, van klappende skote gepraat, dié skote wat geklap het, wat u gehoor het, kan u vandag sê op wie hulle gemik was? -- Ek kan glad nie sê op wie hulle gemik was nie. Ek weet glad nie.

Het u miskien self vuur getrek saam met die polisiemanne wat gesê het: kom weg hierso; net die oomblik toe hulle sê kry hierdie mense weg hierso, het julle vuur getrek daar by die garage? -- Nee, ons het glad nie vuur getrek nie.

MNR. ROSSOUW: Daar het nie mense na u geskiet wat u van weet nie? -- Ons weet nie waarheen, ek weet glad nie waarheen het hulle geskiet ook nie.

Ja /..

Ja, maar u het nie 'n idee dat mense op u geskiet het nie? -- Nee.

MNR. SITHOLE: En hoe het u saam met die polisie, die twee polisiemanne, die situasie gelees daar? Het dit gelyk asof dit gevaarlik is en dat julle moet wegkom van daardie plek af daar? -- Dit is heeltemal reg, dit is dié dat die polisieman dadelik vir my gesê het ek moet die plek ontruim.

Waarom sê u dit het gevaarlik gelyk? Kan u uitbrei? -- Ek het niks met hom verder gepraat nie, hy het net gesê ek moet die plek ontruim.

Ja, maar kan u uitwei en sê hoekom het u die situasie as gevaarlik gelees? -- Dié wat nou teruggekom het, het ek nie geweet of hulle nou daar na die garage toe kom of waar gaan hulle heen nie.

MNR. ROSSOUW: Was daar 'n gevoel van dreiging of was daar 'n gevoel van hier is nou 'n klomp ouens wat van 'n partytjie af kom, wat fuif daar? -- Wel, vir my het dit maar soos 'n klomp wat van 'n partytjie af kom gelyk, maar blykbaar nie vir die polisieman nie. Die polisieman het dadelik vir my gesê ek moet padgee.

Nou dan word my kollega se vraag nog meer pertinent. Waarom het u die indruk gehad of waarom sê u daar was gevaar? -- Wel, dit is seker maar omdat die polisieman vir my gesê het ek moet padgee.

MNR. SITHOLE: U het ook getuig dat die twee wagte by die garage wat verslag aan u gedoen het, het u meegedeel dat vroeër die aand het daardie groep hulle probeer molesteer daar by die garage. -- Dit is reg. Dit is dié wat hulle (tussenbeide)

Het u om details gevra watse tipe molestering het

daar /..

daar plaasgevind? -- Nee, ek het nie vir hulle gevra nie.

Was daar enige tekens van molestering daar? -- Wel, al wat ek toe ek wegry van daar af kon agtergekom het is die petroljoggie wat nie daar wou gebly het nie want hy was bang om daar te bly.

Ja, u sien ek sal u sê waarom vra ek daardie vraag, want mnr. Thoeane, die petroljoggie, het geen melding gemaak van 'n groep wat hom vroeër probeer molesteer het daar by die garage nie. -- Ja, maar ek het nie met hulle gepraat nie, ek het net die berig gekry oor die radio dat ek moet uitgaan soontoe.

No more questions.

MR ROSSOUW: Any questions arising from these?

GEEN VERDERE VRAE NIE

MNR. DU TOIT: Ek wil net inhandig as BEWYSSTUK 30, 'n verslag wat ons gekry het van Grinaker Electronics Agencies. It is a letter addressed in English to the Commission: Initial Finding Boipatong Tapes. It reads as follows:

> "After evaluation of the time codes recorded on the seven tapes we wish to confirm that -
>
> 1. The tapes were not bulk erased per se ;
> 2. On completion of a recording the tape was turned around for further recording.
>
> Under these conditions, recordings made on side A of the tape for example would be erased by the erase head before being written over by the new information from the record head.
>
> Further investigations are being undertaken to determine whether any of the lost information can be recovered from the tapes."

Dit is die voorlopige verslag van die firma wat na die bandopnames gekyk het.

MR ROSSOUW: Then this inquiry will stand adjourned - the same venue?

MR DU TOIT: The same venue, Mr Chairman.

MR ROSSOUW: Until 2 November at the same venue and probably we should start only at 10:00?

MR DU TOIT: That is so.

THE COMMISSION ADJOURNS UNTIL 2 NOVEMBER 1992

# TRANSCRIBER'S CERTIFICATE

I, the undersigned, hereby certify that the aforegoing is a true and correct transcription of the proceedings recorded by means of a mechanical recorder in the matter of:

INQUIRY INTO THE BOIPATONG MASSACRE

TRANSCRIBER

DATAVYF (PTY) LTD

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.